

Laat 'n ou stoel blom



'n Ou stoel met 'n stukkende sitplek kan 'n spogstuk word met so 'n pragtige tapisserie-sitplek. Deur Riana van der Merwe

DIE ONTWERP IS GESKIK vir 'n stoel met 'n reghoekige sitplek of 'n sitplek wat smaller na die agterkant toe loop, soos dié op ons foto. Weens gebrek aan ruimte publiseer ons nie die diagram nie, maar lesers kan dit bestel teen R5 per diagram. Meld of jy die reghoekige of gevormde ontwerp wil hê.

Stuur jou bestelling saam met jou besonderhede aan Rooi Rose, Handwerkafdeling, Posbus 2595, Johannesburg, 2000.

JY HET NODIG

'n Stuk dubbelgeweege tapisseriegaas met 10 gaatjies per 2,5 cm; sowat 60 x 60 cm; borduurraam; tapisserienaald; Anchor-tapisseriewol in dié kleure:

- 9076 – groen
- 9082 – donkergroen
- 9072 – liggroen
- 8606 – laventel
- 8612 – donkerpers
- 8586 – ligpers
- 8592 – rooipers
- 8016 – helder geel
- 8012 – liggeel
- 8304 – ligte appelkoos
- 8308 – perske
- 8312 – roes
- 9680 – kameel
- 8782 – ligblou

Jy sal 11 stringetjies van die agtergrondkleur (9680) en 2 stringetjies donkergroen (9082) nodig hê. Van die ander kleure sal een stringetjie voldoende wees vir halwe kruissteek. Verdubbel die hoeveelheid wol vir tentsteek.

MATE

Gevormde ontwerp op breedste deel 37 cm; smaller deel 27 cm; lengte 32,5 cm. Vierkantige ontwerp 37 x 35 cm. Die ontwerp kan vergroot word deur die vier hoekeenhede 3 tot 5 blokkies uit te skuif.

MAAK SÓ

1. Plak maskeerband om rand

van gaas sodat dit nie uitrafel nie. Merk middel van gaas met rygsteke in ligte gare.

2. Span gaas stewig in raam. Borduur ruikertjies in halwe kruissteek volgens diagram. Trek steke styf genoeg sodat dit gelyke oppervlak vorm, maar nie so styf dat dit gaas misvorm nie.

3. Werk agtergrond met kameelkleur (9680).

4. Blok tapisserie – sien aanwysings hieronder. Trek stoel se sitplek daarmee oor en kap vas met stoffeerspelde.


Blok tapisserie só JY HET NODIG

Groot stuk plank – saamgeperste hout werk goed; stuk grafiekpapier so groot soos plank – plak stukke presies teen mekaar om groot vel te verkry; hamer en spykers; lap om werk klam te maak of sproeibottel; plakpapiergom, reeds aangemaak; kwas.

MAAK SÓ


1. Plak grafiekpapier teen plank vas met maskeerband. Trek vorm sowat 3 cm groter as geborduurde stuk op grafiekpapier na met permanente pen.
2. Pas tapisserie met regte kant teen papier, kap op hoeke vas. Jy moet gaas deurentyd styf trek sodat dit regte vorm het. Kap deeglik vas tot borduurwerk gewenste vorm het.
3. Maak effens klam met lap of spuit liggies met sproeibottel. Maak plakpapiergom aan volgens vervaardiger se aanwysings. Smeer dun lagie aan agterkant van tapisserie. Laat vir minstens 2 dae staan tot goed droog. Laat rande so tot jy gereed is om artikel te maak.

● Plakpapiergom help om drade aan verkeerde kant vas te hou. Motwerende middel wat gewoonlik in dié gom teenwoordig is, sal ook wol beskerm. □



HALWE KRUISSTEEK

Dit is 'n klein skuins steek wat oor een kruispunt van gaas gewerk word. Die steke aan die agterkant lê vertikaal. Dié steek gebruik minder wol, maar is minder duursaam as tentsteek. Die verskil is net aan verkeerde kant van werk sigbaar.



TENTSTEEK

Aan die regte kant lyk dit net soos halwe kruissteek, maar aan die verkeerde kant vorm lang skuins steke, wat tot dikker resultaat lei. Werk een ry van regs na links, draai raam om sodat ontwerp onderstebo is en werk volgende ry soos eerste.

DIE BORDUURWERK IS EKSKLUSIEF VIR ROOI ROSE ONTWERP DEUR MARY PAINE. FOTO WILLEM DE LANGE; STILERING BERENDJEN GELDENHUYS; BLOMHOUER EN BLOMME VAN WEDDING WISHES, 083-284-2061

